University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



# HOOFSTUK VI

## BESLUIT

Om die ontwikkelingsgeskiedenis van die museum in die regte perspektief te sien, moet rekening gehou word met drie besondere aspekte in die lang voorgeskiedenis.

In die eerste plek ontstaan en groei musea uit versamelings wat deur die eeue tot stand gekom het. Dit is die gevolg van 'n byna koorsagtige versamelingsaktiwiteit van mense wat skatte van velerlei aard in huise, paleise, tempels en kerke byeenbring wat dan op 'n besondere tydstip in die geskiedenis van die mens vir 'n belangstellende publiek toeganklik gemaak is.

Dit blyk onmoontlik om 'n beginpunt in hierdie ontwikkelingsgeskiedenis aan te dui. Die eenvoudige rede daarvoor lê in die feit dat dit 'n wesens=kenmerk van die mens is om te versamel. Hierdie versamelingsdrang wat deur die eeue heen die mens vergesel het, is deur argeoloë blootgelê op elke plek waar eeue-oue beskawings en uitgestorwe kulture uit die aarde opgediep is. Dit is deur volkekundiges ook by primitiewe volke geïdentifiseer. Die neiging om voorwerpe te versamel, is dus 'n universele kenmerk van indiwidue en volkere. Dié versamelingsaktiwiteit bereik in die Klassieke beskawing van die Grieke en Romeine 'n besondere hoogtepunt. En in die Middeleeue is veral in kloosters uitgebreide versamelings gehuisves.

Die totaliteit en geheelbeeld van die ontwikkeling van die museumwese word egter versteur indien slegs die materialistiese aspek in die versameling van voorwerpe deur die eeue beklemtoon word. Dit is dan bloot die onvoltooide ontwikkelingsgeskiedenis van die museum as pakskuur en berg=plek van kosbare skatte.

'n Tweede aspek moet aangestip word. Tydens die Renaissance kom die benaming "museum" in gebruik. Daarmee word teruggegryp na die Griekse woord "mouseion", tempel van die Muse. In dié verband word dan in die

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



besonder aan die Mouseion van Alexandrië gedink wat sedert die derde eeu v C bestaan het as instelling van besondere kulturele waarde. Hierdie inrig= ting was eintlik 'n akademie vir wetenskap en navorsing. Dit is juis hierdie aspek van studie en navorsing wat met die naamgewing op die museum oor= gedra is. In die moderne museum sou hierdie aspek beklemtoon en as hoogste doelwit nagestreef word. Die Renaissance adem 'n gees wat getuig van 'n onversadigde drang na kennis van die mens en die wêreld waarin hy leef. En dit gee enersyds aanleiding tot 'n ongeëwenaarde versameling van kunsskatte uit die Antieke Oudheid en die eie tyd, en andersyds tot die verhoogde belangstelling in die natuurwetenskappe wat neerslag vind in die eindelose rariteitskabinette waarin natuurfratse en ander seldsame natuurvoorwerpe versamel word. Hier kon beroemde kunstenaars en weetgierige wetenskaplikes hul studie en navorsing verrig. Hier het ons dus die voorlopers van die natuurhistoriese en kunsmuseum wat in die agtiende eeu tot stand kom.

Daar is ook nog die derde aspek wat die mees essensiële kenmerk van die museum raak. Dit was veral teen die tweede helfte van die agtiende eeu die strewe van 'n beperkte kulturele elite om uitgebreide versamelings ook vir die publiek toeganklik te maak. Hierdie strewe wat daarop gemik was om harmonie te skep in 'n tyd van toenemende opstand en onvrede, is reeds in die era van Rome by Asinius Pollio en andere waarneembaar. In die daaropvolgende eeu sou paleisagtige geboue tot stand kom en ingerig word om die grootsheid van volke voor die wêreld uit te stal vir elke indiwidu om te besigtig.

Só groei die moderne museum deur die eeue tot veel meer as net 'n bewaar= plek van skatte. Dit bied ook ruimte en geleentheid vir studie en navorsing aan elkeen wat dit wil betree om daar te ontspan, elke voorwerp te geniet en die kennis wat daar versamel is tot sy eie te maak.

In hierdie trotse tradisie deel die kultuurhistoriese en opelugmuseum.

Die kultuurhistoriese museum is duidelik 'n kultuurproduk van die negentiende eeu. Dié museum het sy ontstaan te danke aan die geestestroming wat bekend staan as die Romantiek. Dit word in die besonder gekoester en gevoed deur die ontwakende nasionalisme wat in die negentiende eeu steeds groei tot een van die vernaamste kragte wat die verloop van die geskiedenis ingrypend sou

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


In breë trekke het hierdie selfde ontwikkeling soos dit in Europa plaasgevind het, ook in Suid-Afrika verloop.

Tydens die Wetenskaplike Rewolusie wat in die sewentiende en agtiende eeu in Europa plaasvind, was Suid-Afrika juis één van die gebiede wat besondere belangstelling ontlok het vanweë die uitsonderlike rykdom van die land op natuurkundige en volkekundige gebied. As gevolg van die belangstelling in die natuurkundige rykdom vind 'n eensydige ontwikkeling van die natuurhistoriese museum in Suid-Afrika plaas. Die kultuurhistoriese museum in dié geweste het vir bykans drie eeue nie tot sy reg gekom nie. Dit geskied veral in die Koloniale Suide waar die Volkekunde en Argeologie in 'n toenemende mate aan die natuurwetenskaplike museum gekoppel word wat die beeld van 'n "algemene museum" vertoon. Dit bly 'n historiese feit dat die klein, byna onbenullige kultuurhistoriese afdelings in dié musea skreiend verwaarloos en afgeskeep is. Dit is 'n toestand wat in 'n groot mate tot vandag toe voortduur.

In die Republikeinse Noorde word 'n besliste wending in die loop van die geskiedenis opgemerk. Met die stigting van die Nasionale Museum in Bloemfontein en die Staatsmuseum in Pretoria word die kultuurhistoriese erfenis in 'n besondere mate beklemtoon. Die stigting van hierdie twee musea bly steeds een van die betekenisvolste kultuurmanifestasies van die ou Republieke. Die museum word as 'n besondere instituut erken wat nie alleen moet help om die volk bewus te maak van sy kosbare erfgoed nie, maar wat ook as opvoedkundige medium aangewend word in die opvoeding van sy jeug. Dit is 'n besondere visie wat in die Republieke aan die dag gelê word.

Na die onderwerping van die Republikeinse Noorde word dié twee Musea in 'n toenemende mate omskep in algemene musea waarin die klem onteenseglik verskuif na die natuurhistoriese versameling. Dit is een van die droewigste gebeurtenisse in die geskiedenis van die museumwese in Suid-Afrika. Dit gebeur juis in 'n era toe daar nog baie kultuurhistoriese materiaal uit die veelbewoë negentiende eeu geredelik bekombaar was, maar spoedig vir altyd verlore gegaan het.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Sedert 1948 is daar 'n besliste herwaardering van die kultuurhistoriese museum waarneembaar. Dit lei eerstens tot 'n wyd verspreide onrus oor die miskenning en verwaarlosing van die kulturele erfenis en die kultuurhistoriese museum, en vervolgens ook tot die stigting van 'n verbasende getal kultuurhistoriese musea dwarsdeur Suid-Afrika.

In hierdie nuwe gunstige klimaat ontkiem die begeerte om ook vir Suid-Afrika 'n opelugmuseum op te rig. Eers is dit die stem van enkele indiwidue wat gehoor word en dan vanaf 1954 die betekenisvolle oproep en poging van die Genootskap Oud-Pretoria. Hierdie poging lei skipbreuk hoofsaaklik vanweë die feit dat die kultuurhistoriese museum nog nie op daardie stadium sy rol ten volle in Suid-Afrika gespeel het nie. Sedert die laat vyftigerjare lewer die Transvaal-Museum ook sy bydrae om 'n wending in die ongunstige omstan= dighede te bring. Dit geskied veral nadat mev Kotie Roodt-Coetzee as vakkundige by dié Museum aangestel is. Oor baie jare heen het sy haar nie slegs beywer om die lot van die kultuurhistoriese versameling te verbeter nie maar het sy ook die stryd aangeknoop om 'n doeltreffende kultuurhistoriese museumgebou en ook 'n opelugmuseum vir Suid-Afrika op te rig. Die prestasies wat die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum onder haar leiding gelewer het, is sonder weerga in die geskiedenis van die museumwese in ons land. Met die oprigting van die Pioniersopelugmuseum in Silverton en die stigting van die Willem Prinsloo-opeluglandboumuseum in die Rayton-distrik het hierdie Museum 'n besondere bydrae gelewer om die algemene publiek en owerheidsliggame gunstiger te stem jeens die opelugmuseum-fenomeen wat ongelukkig nog nie ten volle tot sy reg gekom het nie.

Nieteenstaande die sukses wat reeds in Pretoria en elders in die land behaal is, moet dit egter betreur word dat ons Nasionale Opelugmuseum, na 'n stryd van 25 jaar, nog nie tot stand gekom het nie. Hierdie vertraging het ongetwyfeld groot en onherstelbare skade meegebring: 'n groot kultuurhistoriese erfenis is reeds verlore. Kultuurhistorici, museumkundiges en veral die amptenaar-burokrasie wat ingrypende besluite neem, moet rekenskap gee van hul versuim, laksheid en dikwels ook weergalose onkunde wat gelei het tot hierdie kulturele verlies vir die volk.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



Dit is juis hierdie toedrag van sake wat my noop om sekere opmerkings te maak en dringende pleidooie te lewer wat die huidige stand van sake ten opsigte van die museumwese in die algemeen en die opelugmuseum in die besonder raak.

Die dringendste ontwikkeling wat tans bewerkstellig moet word in die Suid-Afrikaanse museumwese is die instelling van 'n betekenisvolle "Adviesraad vir Museums". So 'n Raad moet onder andere die bevoegdheid hê om die betrokke Minister te adviseer oor 'n groot verskeidenheid sake wat die toekoms en ontwikkeling van die museumwese in Suid-Afrika ingrypend sal raak. Daarom moet in die eerste plek daarop aangedring word dat dit 'n Raad sal wees wat uit kundige persone bestaan. Enkele van die sake waaraan aandag gegee moet word, is die volgende:

a Die koördinering van 'n versamelingsbeleid vir al die musea van Suid-Afrika wat sal getuig van die hoogste etiese norme wat in die museumwese van enige land gehandhaaf word. Dit is tog onnodig dat daar in 'n land soos Suid-Afrika met sy ryke verskeidenheid kultuurgoedere enige vorm van kompetisie, naywer en selfs stryd tussen verskillende musea moet bestaan. Indien daar in dié verband gewerk kan word in die rigting van 'n tema- en terreinafbakening kan dit alleen maar voordele inhou.

b Die koördinering van 'n navorsingsprogram om die landwye stand van sake te bepaal ten opsigte van die kultuurhistoriese erfenis wat bewaar moet word. Dit hou onder andere in die lysting van bewaringswaardighede. 'n Soortgelyke projek wat deur die Stigting Simon van der Stel en die Bewaringskomitee van die Instituut van Suid-Afrikaanse Argitekte onderneem is, het reeds uitstekende resultate opgelewer. Die taak ten opsigte van so 'n projek moet egter nog omskryf word.

c Hierdie navorsing moet dan aangewend word om 'n nasionale strategie te bepaal ten opsigte van die benutting van bestaande kultuurhistoriese musea en die stigting van nuwes waar die behoefte bestaan. Dit is egter dringend noodsaaklik om die beplanning van die totstandkoming van opelugmusea in Suid-Afrika te reël. Dit is immers 'n uiters ongewenste situasie om maar toe te laat dat elke kultuurhistoriese

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



museum opelugmusea oprig oral waar skenkings van onder andere grond en ander besittings ontvang word, sonder om noukeurig rekening te hou met die nasionale behoefte.

d Die algemene navorsing van kultuurhistoriese musea in Suid-Afrika laat veel te wense oor. Die situasie verg 'n dringende koördinering van navorsingsprogramme. Sommige navorsingsprogramme kan weens die omvang daarvan baie duur wees en daarom moet metodes bedink word om duplisering te voorkom. Verder moet navorsing beskikbaar gestel word aan ander musea en veral toeganklik wees vir studente. Die navorsing in musea moet ook gekoördineer word met dié wat deur onder andere die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en verskillende departemente aan universiteite onderneem word.

e Die Adviesraad moet dringend aandag skenk aan die akademiese opleiding van museoloë. Dit geld ook die opleiding van tegnici. Die onrusbarende gebrek aan opgeleide museumpersoneel, veral in die kultuurhistoriese museum, onderstrreep reeds die dringendheid van dié saak. Die powere uitstallings in baie musea en die gebrek aan betekenisvolle navorsing is sommige van die vrugte wat deur hierdie ongewenste situasie afgewerp word. Die instelling van 'n nagraadse diplomakursus in Museumkunde aan die Universiteite van Pretoria en Stellenbosch is reeds 'n ligpunt. Dit is ook verblydend om te merk dat die Provinsiale Museumdiens van Transvaal al hoe meer konferensies hou waar die personeel betekenisvolle opleiding ontvang. Verder is dit 'n baie goeie teken dat die Suider-Afrikaanse Museumvereniging 'n positiewe houding ten opsigte van universiteitsopleiding ingeneem het en hul lede aanmoedig om die kursusse te volg. Dit is egter dringend noodsaaklik dat 'n Adviesraad ook 'n stelsel sal aanbeveel wat daarvoor voorsiening maak dat museumkundiges van elke museum in Suid-Afrika wat vir die kursus kwalifiseer, in die posisie gestel word om daarvoor in te skryf. Op die oomblik kan dit alleen geskied indien 'n voornemende student bereid is om aansienlike persoonlike finansiële verlies te ly. Dit is in die belang van die museumwese in Suid-Afrika dat hierdie saak reggestel moet word. Verder sal die nodige finansiële middele ook gevind moet word om universiteits=studente aan te moedig om 'n beroep in die museum te volg. Dit

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


geld veral manstudente vir kultuurhistoriese musea. Van universiteite kan ook verwag word om meer doelgerigte kursusse aan te bied wat in hierdie besondere behoefte voorsien.

'n Tweede ontwikkeling wat in die Suid-Afrikaanse museumwese aansporing verdien, is die volledige selfstandigwording van kultuurhistoriese musea. Daar is 'n goeie saak uit te maak vir die beëindiging van die meeste van die groter "algemene musea" in Suid-Afrika. Die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Koördinering van Museums op Nasionale Vlak het voldoende aangetoon waarom die onbevredigende situasie waarin kultuur=historiese afdelings in sulke musea hul bevind, nie langer geduld kan word nie. Ek vereenselwig my volkome met hierdie aanbeveling.

'n Derde ontwikkeling wat onvermydelik moet volg, is die selfstandigwording van volkekundige en argeologiese versamelings. Tans is dit 'n verwarrende situasie in die museumwese van Suid-Afrika. In die Suid-Afrikaanse Museum, Kaapstad, maak dié afdelings deel uit van die natuurhistoriese museum. Soos reeds aangedui, is dit hoofsaaklik toe te skryf aan die historiese ontwikkelings in dié geweste. In die Nasionale Museum, Bloemfontein, vorm dit deel van 'n algemene museum. In Pretoria maak volkekunde en argeologie deel uit van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum. Nie een van dié situasies is werklik bevredigend nie. Dit lyk wel na 'n uitgemaakte saak dat die twee dissiplines nie van mekaar geskei moet word nie, maar dit lyk tog net so logies dat Suid-Afrika 'n Nasionale Museum vir Volkekunde en Argeologie moet kry. So 'n museum sal nie alleen 'n belangrike bydrae kan lewer in die kulturele ontwikkeling en begrip van die tuislande nie maar ook 'n belangrike rol kan vervul met navorsing wat nog gedoen moet word.

Wat die Opelugmuseum betref, moet die volgende gestel word:

Dit is duidelik nog nie 'n uitgemaakte saak dat die onderhandelinge tussen die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum en die Stadsraad van Pretoria om 'n geskikte terrein te bekom, tot 'n einde gevoer gaan word nie. Dit moet werklik betreur word dat die Stadsraad van Pretoria soveel ag geslaan het op die petisies wat ontvang is teen die skenking van die terrein te Faerie Glen by Renosterkop oos van Pretoria en as gevolg daarvan die skenking herroep het. Daarmee is nóg 'n belowende geleentheid om te

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)



begin met die oprigting van die Museum nou verlore. Dit is egter verblydend dat die onderhandelinge vir die beoogde grond by die Wolfaardt-plaas, ongeveer veertien km ten ooste van die middestad van Pretoria, goed vorder. Die vorige onderhandeling het egter één negatiewe aspek na vore gebring wat 'n ingrypende besluit tot gevolg gehad het. Die Stadsraad van Pretoria was van mening dat dit nie wenslik sou wees om 'n groot Kultuurmuseumgebou op die terrein te Faerie Glen op te rig nie omdat daar onder andere gemeen is dat dit die natuurlike omgewing mag skaad. Op grond van hierdie beswaar het die Museumraad toe besluit om die Museumgebou te skei van die Opelug=museum en die gebou te Schanskop op te rig. Soos reeds aangetoon het die Museumraad deur die jare die beginsel gehandhaaf dat die Kultuurhistoriese Museum en Opelugmuseum as 'n eenheid beplan en opgerig moet word. Hierdie besluit om die beginsel te laat vaar, is dus geneem op grond van die praktiese situasie wat ontstaan het met die Faerie Glen-terrein. Dit wil nou egter voorkom of die Museumraad nie die skeidingsbesluit gaan herroep met die oog op die nuwe terrein waaroor tans onderhandel word nie.

Hierdie toedrag van sake vind ek baie jammer, want afgesien van die praktiese ongerief en betekenisvolle finansiële implikasies wat dit inhou, sal dit ongetwyfeld die wetenskaplike waarde van die Opelugmuseum nadelig beïnvloed. Navorsing, veral ten opsigte van die opelugmuseum in Europa, toon duidelik dat die fenomeen opelugmuseum sekere leemtes vertoon en mank gaan aan inherente tekortkomings. Die opelugmuseum het inderdaad die ondersteunende bydrae van 'n konvensionele kultuurhistoriese museum nodig om 'n waardige spieëlbeeld van 'n kultuurgeskiedenis te vertoon. Daarom mag die eenheid nie geskaad word nie. Daar word tans geredeneer dat die Kultuurhistoriese Museum groter aftrek sal kry in die omgewing van die Voortrekkermonument en die Militêre Museum. Dit moet egter onthou word dat geen kulturele inrigting van watter aard ook al, meer besoekers lok as juis die opelugmuseum nie. As 'n waardige kultuurhistoriese museum in die onmiddellike omgewing daarvan opgerig word, sal dit ongetwyfeld met al die kulturele aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan, 'n magtige aantrekkingskrag bied vir besoekers van oral. So 'n kulturele kompleks sal eenvoudig nie afhanklik wees van ander besienswaardighede nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Afgesien van die vakkundige argument waarna reeds verwys is, is die praktiese situasie van deurslaggewende belang. Die Nasionale Kultuur=historiese en Opelugmuseum het die magtige opdrag om in die volgende dekade nie slegs 'n Kultuurmuseumgebou op te rig nie maar ook 'n Nasionale Opelugmuseum wat moontlik uit ongeveer vyftig geboue gaan bestaan. Hierdie Museum is aangewys op dieselfde Direkteur en personeel. Dit is dieselfde vakkundiges wat met dieselfde versameling tot hul beskikking, uitstallings in beide die Kultuurhistoriese Museum en die Opelugmuseum moet oprig wat ongeveer vyftien kilometer van mekaar verwyder is. As verder in berekening gebring word dat daar wel uitstallokale by die Opelugmuseum opgerig moet word indien die Kultuurmuseum elders gebou word, sal dit ongetwyfeld die moeite loon indien die Museumraad die huidige besluit in heroorweging neem.

Maar dis nie al wat heroorweeg moet word nie.

Ernstige bedenkinge is reeds uitgespreek oor die huidige uitgangspunt dat die Museum 'n "nasionale" opelugmuseum moet wees. Dit kan wees dat daar in die nuwe omstandighede wat oor 'n tydperk van 25 jaar ontwikkel het, meriete steek in die oorweging van ander moontlikhede. So 'n heroorweging in die huidige situasie kan in elk geval geen kwaad doen nie en minstens twee besliste voordele inhou.

Eerstens kan die kultuurhistorici en museumkundiges van Suid-Afrika die geleentheid benut om hulle op hoogte te stel van die wetenskaplike ont=wikkeling die afgelope eeu op die terrein van die opelugmuseum in die internasionale museumwese. Ek kon geen bewyse vind dat daar die afgelope 25 jaar so 'n vakkundige werksgroep was wat in dié verband menings gewissel het nie. En dit raak nie slegs die oprigting van 'n opelugmuseum en die museale inkleding daarvan nie maar ook sulke dringende en kwellende vrae soos: Watter vakkundiges gaan die Museum bou? En wie gaan hierdie vakkundiges oplei? Dit mag ontstellend wees, maar dit is tog 'n feit dat daar op die huidige oomblik nie genoeg opgeleide vakkundiges is wat hierdie taak kan verrig nie.

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


Tweedens kan dit tog sinvol wees om so 'n gesprek aan die gang te kry bloot om 'n groot getal medestryders wat oor die afgelope 25 jaar "afvallig" geword het weer te inspireer om die stryd voort te sit. Indien 'n heroorweging ter sake word, sou dit dus 'n goeie gedagte wees om 'n simposium te reël waarby kundiges uit verskillende dissiplines vanoor die hele land betrek kan word om die huidige beplanning aan wetenskaplike eise te toets. Dit sou ook 'n uitstekende geleentheid wees om owerheidsliggame wat die belangrike besluite neem, te betrek sodat hulle ook kan kennis neem van die wetenskaplike eise wat aan so 'n museum gestel word. Dan is daar ook die nyweraars wat betrokke is vanweë die aansienlike finansiële steun wat reeds gebied is en in die toekoms nog gebied sal moet word. Ook hulle sal beslis by so 'n bespreking baat. Dit mag 'n nuwe stimulus bied wat op hierdie stadium uiters nodig is.

Ten slotte moet die illusie laat vaar word dat die taak afgehandel sal wees as die Nasionale Opelugmuseum in Suid-Afrika uiteindelik tot stand kom. Dit moet nou duidelik wees dat dit 'n vergissing is om te meen dat die kultuurgeskiedenis van al die volke van Suid-Afrika in één museum verbeeld kan word. Al sou 'n opelugmuseum ondersteun word deur 'n kultuurhistoriese museum en toegerus wees met die voortreflikste opvoedkundige en navorsings=diens bly dit eenvoudig nie moontlik om 'n volledige spieëlbeeld van so 'n omvang te projekteer nie. Dit sal wel moontlik wees as hierdie uiters waardevolle museum-fenomeen dwarsdeur Suid-Afrika sy beslag kry. Maar selfs dan sal eers 'n noukeurige studie gemaak moet word wat gepaard gaan met noukeurige beplanning en 'n nasionale strategie.

Die opelugmuseum-fenomeen mag egter nie ingeperk word deur krampagtig vas te hou aan die stereotiepe oorplasing van geboue en ander strukture na 'n geskikte terrein nie. Dit is slegs één van die metodes wat aangewend kan word. Die besef moet ook deurdring dat die mees gewenste resultate verkry word wanneer die opelugmuseum tot stand kom dáár waar die geboue op die oorspronklike plek van oprigting bewaar en behou word. Hierin het onder andere die Transvaalse Museumdiens 'n besondere voorbeeld gestel met die bewaringsprojek te Pelgrimsrus. Indien die huidige beplanning om ook in Barberton 'n opelugmuseum te ontwikkel, slaag, sal dit 'n pragtige voorbeeld wees van hoe 'n kultuurgeskiedenis van 'n besondere streek verbeeld kan word. Sulke moontlikhede is in Suid-Afrika onbeperk. Nog

University of Pretoria etd – De Beer, P J (1979)


twee voorbeelde kan hier genoem word.

Eerstens is daar die moontlikheid van die herskepping van die noordelike diamantvelde in Wes-Transvaal uit die era toe name van plekke soos Kameelkuil, Blesbok, Rooikraal, Bloemfhof, Diewedraai, Syferfontein, Rysmierbult en Bakerville drome van die groot diamant in die gruis gewek het en in die meeste gevalle slegs trane van wanhoop en teleurstelling gebaar het.

Die tweede historiese streek wat 'n skitterende moontlikheid bied om 'n opelugmuseum tot stand te bring op die oorspronklike plek waar die geboue opgerig is, is Daljosafat. Die skrywer, W A de Klerk, het by 'n geleentheid van Daljosafat gesê dat dié streek kultuurhistories gesproke die belangrikste stukkie Afrikaanse aarde is waarvan hy weet. En tog is dié moontlikheid nog nie ontgin nie. Hierdie gebied leen hom by uitnemendheid vir 'n "netwerk"-museum of kultuurroete soos dit tans in die ou industriële gebiede van Engeland opgerig word. Besoekers ry in dié streek van gebou na gebou op 'n roete om al die monumente wat op die plek van oprigting gerestoureer is, te besigtig. 'n Uitstekende metode om die spieëlbeeld van die kultuurgeskiedenis van die betrokke streek aan belangstellendes voor te hou. Daljosafat bied juis so 'n geleentheid om 'n onvervangbare erfenis in die kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, waar die wortels van sy taal en die ontwaking van 'n Afrikaanse nasionale bewussyn lê, vir 'n nageslag lewend te hou en te verbeeld.

Die moontlikhede is inderdaad legio. Al wat nodig is, is 'n vasberade wil en 'n onblusbare ywer van kundige mense om hierdie grootse ideaal te ver=wesenlik.